



**RAISINS SOUTH AFRICA**  
(PTY) LTD. NPC

Jaarverslag FJ2019





**VISIE:**

Die groei van 'n volhoubare en mededingende Suid-Afrikaanse rosyntjiebedryf



**MISIE:**

Om waarde te skep vir ons lede en belanghebbendes

Dit sal as volg bewerkstellig word:



Verbeter die bedryf se produktiwiteit en winsgewendheid.



Bevorder Raisins SA as 'n topgehalte handelsnaam.



Deel inligting en kennis met ons lede in die waardeketting om risiko's te verminder.



Verteenwoordig die bedryf met eenstemmigheid.

# Inhoudsopgawe

<b>Voorsittersverslag</b>	Bladsy 2
<b>Raisins SA – Samestelling van die direksie</b>	Bladsy 4
<b>Verslag: Hoofuitvoerende Beampte</b>	Bladsy 6
<b>1. RAISINS SA OORSIG</b>	Bladsy 10
1.1 Inleiding	Bladsy 10
1.2 Oorgang: Vanaf DTD na Raisins SA	Bladsy 11
1.3 Vordering tot op hede: Raisins SA	Bladsy 11
1.4 Raisins SA	Bladsy 12
1.4.1 Visie	Bladsy 12
1.4.2 Missie	Bladsy 12
1.4.3 Strategiese fokus	Bladsy 12
1.4.4 Bedryfswaardes en -beginsels	Bladsy 12
1.4.5 Sleutelprestasie-areas (Bedryf se doelwitte)	Bladsy 12
1.5 Personeel	Bladsy 13
1.6 Raisins SA se advieskomitee	Bladsy 14
1.7 Verteenwoordiging	Bladsy 15
1.8 In Slotsom	Bladsy 15
<b>2. INLIGTING VAN MAATSKAPPY</b>	Bladsy 16
2.1 Inleiding	Bladsy 16
<b>3. ADMINISTRASIE VAN DIE STATUTÊRE HEFFING EN FINANSIES</b>	Bladsy 16
3.1 Inleiding	Bladsy 16
3.2 Struktuur en Bestuur	Bladsy 16
3.3 Finansies	Bladsy 17
<b>4. NAVORSING EN ONTWIKKELING</b>	Bladsy 20
4.1 Oorsig van portefeulje	Bladsy 20
4.2 Tegnieese advieskomitee	Bladsy 21
4.3 Befondsingsvennote	Bladsy 22
4.4 Fokusareas	Bladsy 22
4.5 Hoëvlakprojekterugvoering	Bladsy 23
4.6 Lesse geleer	Bladsy 26
4.7 Slotsom	Bladsy 26
<b>5. MARKNAVORSING, BEPALING VAN BEDRYFS-‘BENCHMARKING’ VIR MARKTOEGANG EN MARKONTWIKKELING</b>	Bladsy 27
5.1 Oorsig van portefeulje	Bladsy 27
5.2 Fokusareas	Bladsy 28
5.3 Bemarkingsadvieskomitee	Bladsy 30
5.4 Hoëvlakprojekterugvoering	Bladsy 31
5.5 Lesse geleer	Bladsy 33
5.6 Slotsom	Bladsy 34
<b>6. TRANSFORMASIE</b>	Bladsy 35
6.1 Oorsig van portefeulje	Bladsy 35
6.2 Hoëvlakprojekterugvoering	Bladsy 36
6.3 Lesse geleer	Bladsy 40
6.4 Slotsom	Bladsy 40
<b>7. OORDRAG VAN INLIGTING, KOMMUNIKASIE EN KENNIS</b>	Bladsy 41
7.1 Oorsig van portefeulje	Bladsy 41
7.2 Fokusareas	Bladsy 41
7.3 Hoëvlakprojekterugvoering	Bladsy 42
7.4 Lesse geleer	Bladsy 45
7.5 Slotsom	Bladsy 45
<b>8. VERKORTE FINANSIËLE STATE</b>	Bladsy 46

## Voorsittersverslag

As voorsitter wil ek graag van hierdie geleentheid gebruik maak om 'n paar sleutelpunte uit te lig aan my mede-produsente oor die stand van ons bedryfsliggaam aan die einde van die 2019 finansiële jaar.

**Die afgelope jaar (2019) sal vir menige goeie redes as 'n geskiedkundige jaar in die rosyntjiebedryf onthou word.**

Die **100e** bestaansjaar van die rosyntjiebedryf langs die Oranjerivier is vanjaar gevier, waartydens verskeie persoonlikhede in die bedryf vereer is. Terselfdertyd is daar opdrag gegee aan Joa Bekker om die ryk geskiedenis van ons bedryf te boek te stel. Hierdie bydrae sal al die weë en baanbrekerswerk wat oor die afgelope 100 jaar plaasgevind het, in 'n geskiedkundige boek saamvat.

As bedryfsorganisasie is daar wesenlike treë vorentoe geneem; die skepping van **toegewyde** kapasiteit om vir die bedryf waarde te ontsluit, is in plek gestel. Die span bestaan tans uit Ferdie Botha, Simone Sell, Stefan Jordaan en Bekkie van Aarde, wie elk in eie reg alreeds 'n positiewe bydrae gelewer het.

Die 2018/19-oesjaar sal onthou word vir een van die **grootste eenmalige prysstygings** vir Thompson Seedless, naamlik  $\pm 30\%$ , moontlik gemaak deur ideale klimaatstoestande met die beste prys en die beste gehalte. Terselfdertyd het die bedryf 'n rekord-oes van nagenoeg 75 000 ton opgelewer. As 'n rosyntjieprodusent nie in 2019 goeie geld gemaak het nie, flikker daar duidelik rooi ligte. Die gunstige pryse en beter produksie, goeie standhoudelike gehalte in drag en genoegsame water om te produseer, stel ons produsente in staat om jaarliks nuwe plantmateriaal te vestig asook om uitbreiding in droogbane en DOV-stelsels te ontwikkel.



**JOHANNES FOURIE**  
VOORSITTER-RAISINS SOUTH AFRICA

Die Amerikaanse produsente het die US\$-prys van Thompson Seedless te hoog probeer druk, wat tot die teenoorgestelde gelei het: die prys van ons Thompson Seedless het met meer as 40% geval en ons verpakkers sit nou met 'n voorraad wat te hoog geprys was; dit het gelei tot 'n groter oordragvoorraad, met gepaardgaande verliese. Te veel Thompson Seedless het veroorsaak dat te min Goues in 2019 geproduseer is, met 'n gaping in die mark wat ons nie kon vul nie.

Die bou van verhoudings met die regte mense in die verskillende instellings in die bedryf help ons veral om befondsing te kry om sekere projekte verder te finansier. Nuwe samewerking met organisasies soos Agri SA, Bizhub, Fruit SA, Departement Landbou, NAMC, PPECB, Plant SA, SAWWV, SAPO, Fruit Fly SA ens. hou vir ons groot voordele in.

Ons betrokkenheid met hierdie instellings is deurslaggewend tot die bevordering van ons belange in die oorhoofse besigheidkonteks. Twee verpakker-vertegenwoordigers is demokraties aangewys om op Raisins SA se direksie te dien en sodoende 'n bydrae te lewer deur die bedryfsliggaam te help om die besluite wat ons moet neem rakende die mark vanuit nuwe hoeke te benader. Anthony Mac Minn ('n regsgeleerde) is verder aangewys as 'n onafhanklike direkteur tot die direksie.



Daar is 'n wesenlike poging van stapel gestuur om ons databasis volledig en op datum te kry: dit behels die regte hoeveelheid produksie-eenhede, die samestelling van en tipes kultivars wat aangeplant is, asook die ouderdom daarvan en watter resultate daardeur verkry is. Hierdie vorm alles deel van sleutelinsigting waarsonder die bedryf nie kan klaarkom nie.

Raisins SA het ongeveer twee jaar gelede die Frudata-inisiatief van stapel gestuur, deurdat ons met 11 produsente 'n waardevolle 'meet om te weet'-hulpmiddel daargestel het om die produsent se besigheid te vergelyk met 'n ander boerdery-eenheid. Tot dusver het hierdie projek lig gewerp op die areas waarop produsente meer aandag kan vestig en op watter areas hul minder hoef te fokus, selfs op kultivarvlak.

Ferdie Botha het die inisiatief geneem om die bal aan die rol te sit vir die bemaking van ons produk, met die fokus op drie vlakke. Vir té veel jare is net gepraat oor die noodsaaklikheid van bemaking, en uiteindelik ontvang hierdie besigheidsaspek die nodig aandag, vanaf die hoogste vlak. Daar is by die internasionale konferensie deur die verteenwoordigers van die sewe produserende lande ingestem om internasionaal 'n oorhoofse bemakingsveldtog van rosyntjies te loods. Tweedens loods Raisins SA sy eie program in die wêreld se grootste mark vir rosyne, naamlik die Verenigde Koninkryk (die VK).

Dan, op tuisvlak, word daar ook gepoog om plaaslike verbruik te bevorder. Met betrekking tot rosyntjies se suikerinhoud, het ons geen ander keuse as om van ons kant af die regte insigting en feite deur te gee nie. Die afgelope kongres in Australië het die fokus begin verskuif vanaf produksie na die bemaking van ons produk. Ander bedrywe is ons baie ver voor in dié verband.

Gedurende Oktobermaand is daar met verskeie strategiese rolspelers 'n deurdringende strategiese gesprek gevoer om ons fokus op die kort-, medium- en langtermyn op die mees sinvolle strategieë te vestig.

“

Ons is positief oor ons bedryf se toekoms en die rol wat Raisins SA as bedryfstruktuur sal speel om 'n positiewe bydra te kan lewer in dié verband.

”

## Raisins SA – Samestelling van die direksie



**JOHANNES FOURIE**  
*VOORSITTER RAISINS SOUTH AFRICA*



**WIAAN JANSE VAN RENSBURG**  
*VICE-VOORSITTER*



**FERDIE BOTHA**  
*HOOFUITVOERENDE BESTUURDER*



**ANTHONY MAC MINN**  
*DIREKTEUR*



**DAVID VAN DER MERWE**  
*DIREKTEUR*



**GOG VAN DER COLFF**  
*DIREKTEUR*



**MATHILDA VAN DER WALT**  
*NAMC SENIOR EKONOM*



**PETER KUILMAN**  
*DIREKTEUR*



**VAN ZYL VORSTER**  
*DIREKTEUR*



**SIMONE SELL**  
*MAATSKAPPY-SEKRETARESSE*



## Verlag: Hoofuitvoerende Beampte

Namens die bestuur en personeel maak ek graag Raisins SA se jaarverslag vir die tydperk 1 Januarie 2019 tot 31 Desember 2019 (FJ2019) aan die bedryf bekend.

**Die jaarverslag verteenwoordig die uitslae van die bedryfsaktiwiteite van Raisins SA, ingevolge die mandaat volgens of soos bepaal deur die Wet op die Bemaking van Landbouprodukte, Nr 47 van 1996, soos gewysig.**

Hierdie jaarverslag is die eerste verslag ten volle toegewy aan die Suid-Afrikaanse rosyntjiebedryf. Die verslag merk die eerste volle jaarsiklus sedert die vestiging en implementering van 'n nuwe organisasie met die doel om die rosyntjiebedryf se belange te bevorder. Die doel van die jaarverslag is om terugvoering te gee oor die prestasies en sukses wat die afgelope jaar bereik is, asook die lesse wat geleer is.

Ter nakoming van ons belofte aan die bedryf, vestig ek graag ons direksie se aandag op die volgende vyf hoëvlak-areas van prestasie-sukses van Raisins SA (Edms) Bpk [NWM] oor die afgelope finansiële jaar (FJ2019).

### Strukture, bestuur en finansies om ons organisasie te laat groei

Daar is baie moeite gedoen tydens die herstrukturering en organisering van die rosyntjiebedryf om die bedryf beter te posisioneer asook om die maksimum waarde vir die bedryf se lede te ontsluit. Dít onderwyl daar seker gemaak is dat die bedryf se kernbesigheidsaktiwiteite onverpoos voortgegaan het.



**FERDIE BOTHA**  
HOOFUITVOERENDE BESTUURDER



Synde die meerderheid van die organisasie se aktiwiteite in die verlede aan 'n derdeparty uitgekonnekteer is, was die eerste prioriteit om eienaarskap te neem van die organisasie se sleutelfunksies.

Dit het onder meer behels om volle eienaarskap en verantwoordelikheid te neem vir Raisins SA (DTD) se take, rakende finansies, administrasie, menslike hulpbronne asook IT. Met finansiële bestuur as een van ons hoofprestasiemaatstawwe moes ons verseker dat die maksimum waarde verkry word vanuit alle hulpbronne wat aangewend is. Ons was in staat om ons totale inkomste te verhoog van R12 913 228 tot R14 188 666, ondanks 'n verlies aan inkomste van R2.5 miljoen as gevolg van die wegbreek van boomvrugte (BPA).

## Menslike hulpbronne

Oor die afgelope 20 jaar was die organisasie ten volle afhanklik van een uitvoerende amptenaar om die bedryf se mandaat te bestuur en uit te voer. Hierdie is geïdentifiseer as 'n sleutelrisiko en nie in die beste belang van die bedryf nie. Tydens die herstrukturering van die organisasie het die bestuur 'n organogram aan die direksie voorgelê wat in Maart 2019 goedgekeur is, om proaktief die belange van die bedryf te kan bevorder. Sedertdien is drie sleutelportefeuljes gevul, naamlik: Navorsing en Ontwikkeling (Stefan Jordaan), Transformasie (Simone Sell) asook Inligting en Kommunikasie (Bekkie van Aarde). Die aanstelling van sleutelpersoneel om sodoende toegewyde menslike hulpbronnepersoneel te vestig en beskikbaar te stel ter dienslewering aan ons lede het 'n groot rol daarin gespeel om ons in staat te stel om ons kernbesigheidsaktiwiteite uit te voer. As bedryf is ons bevoorreg om personeel aan te kon stel wat toegewy is tot die langtermynsukses van ons bedryf.

## Kernbesigheidsaktiwiteite

Oor die afgelope paar jaar het Raisins SA die DTD se vorige en voortgesette projekte evalueer en ons huidige aktiwiteite belyn met ons nuutopgestelde visie en missie. FJ2019 getuig daarvan dat ons operasionele aanslag praktiese en noodsaaklike oplossings lewer tot sleutelrisiko's van of in die bedryf.

Vanuit 'n tegniese oogpunt is sleutelkwessies geïdentifiseer en word dit voortdurend aangespreek. Hierdie sluit 'n fokus op die gehalte van plantmateriaal, plantverbetering, die evaluasie van kultivars en onderstokke, verbeterde produksiepraktyke, oesskattings en produksieverslae, vrugtevlug asook watergehalte in.

Daarbenewens is daar voortgesette skakeling met verskeie navorsingsvennote en -inrigtings. Intussen verbeter ons ook deurlopend die operasionele struktuur wat insette en leiding aan ons navorsings- en ontwikkelingsaktiwiteite moet gee, om so te verseker dat dit belyn is met die bedryf se praktyke en risiko's. Ons besef dat sekere verbeterings noodsaaklik is om veral navorsing- en ontwikkelingsaktiwiteite te verbeter.



Wat betref *marktoegang en ontwikkeling*, is werk onderneem om 'n gefokusde aanslag tot die bemaking van Suid-Afrikaanse rosyntjies van stapel te stuur. Die eerste-van-sy-soort internasionale bemakingsveldtog vir Suid-Afrikaanse rosyntjies is geloods. Ons doel is om die vraag na rosyntjies oor die algemeen, maar veral dan Suid-Afrikaanse rosyntjies, te verhoog. In vergelyking met ander uitvoer-gefokusde bedrywe in Suid-Afrika (tafeldruiwe, wyn, sitrus, sagte vrugte, vleis, ens.) het ons bedryf minstens 'n 10 jaar agterstand. Daar word dus bykomende hulpbronne en werk benodig om hierdie portefeulje te bevorder, wat beskou word as 'n groot prioriteit gegewe ons sterk-groeiende volumes. Die norm, in besighede, is om minstens 3-5% van omset te belê in die bemaking van 'n produk.

Ons *transformasieportefeulje* het reuse treë gegee in die uitvoer van ondernemingsontwikkeling, ontwikkeling van vaardighede en sosio-ekonomiese aktiwiteite. 'n Aantal projekte is saam met vennote soos die NK Departement van Landbou en Landelike Ontwikkeling, die Industrial Development Corporation, AgriSETA, Nietvoorbij, South African Table Grapes, Blucuso, Silvermoon en die Eksteenskuil Agricultural Co-Operative van stapel gestuur. Die impak op ons gemeenskappe is merkbaar. Die bedryf se transformasieplan is voorgelê aan die National Agricultural Marketing Council (NAMC) se transformasie- en oorsigkomitee, en is diensooreenkomstig goedgekeur.



## Strategie 2021-2025

Die wêreldekonomie, landbou en ons bedryf het tans te kampe met baie onsekerheid. Wat die rosyntjiebedryf betref, het ons pas sekerlik die mees ekstreme twee seisoene beleef (met betrekking tot 2019 en 2020). Soos die voorsitter vermeld het, sal 2019 heel moontlik in die annale aangeteken word as die “beste-ooit” groeiseisoen vir ons rosyntjieboere.

Desnieteenstaande is dit van die uiterste belang dat ons as bedryf ons nie vasstaar teen hierdie korttermyn tendense nie, maar eerder positief bly en ’n langtermynstandpunt inneem. Gevolglik is verdere belegging in ons bedryf krities om die bedryf se mededingendheid te ontwikkel en te verbeter. As deel van 2019 het Raisins SA ’n volledige, verduidelikende Bedryfstrategie ontwikkel vir die volgende vyf jaar (2021-2025) as deel van die nuwe heffingsaansoek wat teen Mei 2020 ingehandig moet word. Ons nuwe strategie sal deel vorm van ons Algemene Jaarvergadering (AJV) om befondsing en goedkeuring te verkry.

## Kliënte en belanghebbendes

Ons produsente is van kardinale belang vir die sukses van die bedryf deur middel van die voortgesette lewering van die wêreld se beste roumateriaal (rosyntjies). Daarbenewens speel ons produsentelede ’n deurslaggewende rol in ons plaaslike gemeenskappe in terme van werkskepping en welvaartskepping, ook vir die komende generasies. Ongelukkig word hierdie bydraes nie altyd erken of waardeer nie. Dit is gevolglik ook ons verantwoordelikheid om ‘ons storie’ met die verskillende vennote en belanghebbendes te deel.

Oor die afgelope jaar het ons baie ondersteuning vanaf so baie van ons vennote ontvang. ’n Spesiale woord van dank aan almal vir julle ondersteuning, toewyding en raadgewing vir ons organisasie en bedryf. Almal se bydrae vorm deel van die sukses van die prestasies van die afgelope finansiële jaar.

“

Aan elke personeelid van Raisins SA, dankie vir jul toegewyde en harde werk.

Namens die personeel van Raisins SA bedank die bestuur hiermee die direksie en uitvoerende bestuur vir die uitvoer van hul fidusiële pligte met sorg en visie.

Aan ons voorsitter, dankie vir jou toewyding en getroue werk.

”

**Ferdie Botha**  
Hoofuitvoerende Beampte



## Impak op Bruto Binnelandse Produk (BBP)

Direkte Impak: **R1 787 miljoen**  
 +  
 Indirekte Impak: **R622 miljoen**  
 +  
 Geïnduseerde Impak: **R1 705 miljoen**  



---

**Totale Impak: R4 114 miljoen**

## Groei in produksie volume verwag in die volgende 5 jaar

- ← PROGNOSIS →
- Grootter opbrengs kultivars om laer opbrengs te vervang
  - Regering belegging in wingerd ontwikkeling
  - Wyn produsente mag verander na rosyn produksie
  - Verhoging in water toevoer – Clanwilliam Dam

100 000 tonne p/a



**Wêreldproduksie** ongeveer **1.3** Miljoen Ton



**Suid-Afrikaanse produksie** **75 000** Ton


**Suid-Afrikaanse** se bydrae **6%** van beslaan wêreldproduksie

## Suid-Afrikaanse markaandeel

Uitvoere | Goues +- | Thompson +-  
**10%** | **25%** | **10%**



## Stadige groei sedert deregulering in 1996



## 1. RAISINS SA OORSIG



Diegene wat die fout maak om toekomstige veranderinge in tegnologie, markte en denkwyses wat hul besighede en beroepe asook hul persoonlike planne sal beïnvloed, te verontagsaam, doen so op eie risiko. Aan die ander kant, diegene wat 'n doelbewuste poging aanwend om die komende veranderinge te verstaan, te voorsien en te benut, sal nuwe geleenthede tot hulle voordeel raaksien.

Leon Martell



### 1.1 Inleiding

Die Suid-Afrikaanse droëvrugtebedryf is 'n bedryf met 'n trotse geskiedenis, met sy oorsprong in die laat-1600's. Oor die afgelope eeu het die bedryf met lang hale gegroei en word dit vandag beskou as 'n wêreldklas en premium-gehalte mark, veral in die geval van rosyntjies. Desnieteenstaande is daar oor die afgelope vyf jaar verskeie strategiese gesprekke gevoer om die bedryf se toekoms te vorm.

Die Wet op die Bemarking van Landbouprodukte, Nr 47 van 1996, soos gewysig, maak voorsiening vir die vestiging van statutêre maatreëls naamlik statutêre heffings, die beheer van die uitvoer van landbouprodukte, rekords en opgawes, en registrasie.

Statutêre maatreëls vir die droëvrugtebedryf word sedert 2002 ingestel. Sodra 'n maatreël deur die Minister van Landbou, Bosbou en Visserye (voortaan verwys na as die Minister) bekragtig is, word dit afdwingbaar sodra dit goedgekeur en gepromulgeer is. 'n Statutêre heffing kan beskou word as 'n 'toegewyde belasting' per eenheid van 'n landbouhandelsproduk in enige stadium van die bemarkingsketting tussen die produseerder en die verbruiker wat vir 'n spesifieke doel aangewend word, soos byvoorbeeld **navorsing en ontwikkeling**, die **deel van inligting en kennis** ter verbetering van deursigtigheid in die bedryf, **transformasie**, die instandhouding van **marktoegang** en selfs die verkryging van toegang tot nuwe markte. Registrasie is 'n statutêre maatreël wat in die meeste landbousektore geïmplementeer word ten doel om 'n databasis van rolspelers in die betrokke bedryf te skep, bv. produsente, prosesseerders, ens.

Rekords en opgawes word implementeer vir die versameling en verspreiding van generiese markinligting, om rolspelers in die waardeketting in staat te stel om ingeligte strategiese besluite te neem.

Na die deregulering van die mark in die laat-1990's het die droëvrugtebedryf se lede besef daar is 'n behoefte om die bedryf te struktureer en organiseer na afloop van markbevryding na die beëindiging van bemarkingsrade.

Droëvrugte Tegniese Dienste (DTD) is in 1997 deur droëvrugteprodusente gevestig om hierdie potensieël institusionele leemte aan te spreek. Produsente was besorg dat die gebrek aan sekere funksies wat voorheen deur die Droëvrugteraad uitgevoer is 'n negatiewe impak op die bedryf sou hê, met gepaardgaande hoë vlakke van onsekerheid. Die vraag was: "Wie gaan die droëvrugteprodusent verteenwoordig en optree ter bevordering en tot voordeel van die bedryf se spesifieke agenda?" Dit het gelei tot die totstandkoming van die produsente-organisasie, DTD, om die leemte wat gelaat is deur die institusionele veranderinge te vul. In die vroeë-2000s het DTD sy statutêre aansoek aan die Minister voorberei via die NAMC. Sedert 2002 is 'n statutêre heffing ingestel om bedryfsverwante aktiwiteite te befonds.

## 1.2 Oorgang: Vanaf DTD na Raisins SA

Oor die afgelope vyf jaar is verskeie formele en informele gesprekke gevoer ten doel om die droëvrugtebedryf in Suid-Afrika (m.a.w. DTD) te herstruktureer om sodoende sy lede beter te dien.

Gedurende 2018 is 'n finale strategiese besluit geneem om weg te beweeg van Hortgro Services en 'n nuwe weg in te slaan om die bedryf se eie identiteit en institusionele kapasiteit te vestig en groei te verseker, met 'n fokus op waardeskepping vir die deelnemers en belanghebbendes in die bedryf se waardeketting.

Raisins SA het ontstaan uit die behoefte aan die herstrukturering van die bedryf. Die organisasie is die resultaat van hoe die dienste gelewer deur die DTD ontwikkel het tot 'n meer gespesialiseerde en verfynde instrument, gefokus op die spesifieke en unieke behoeftes van Suid-Afrika se rosyntjiebedryf.

Raisins SA is 'n nie-winsgewende maatskappy, 'n organisasie in produsentebesit gemoeid met navorsing en ontwikkeling asook markontwikkeling wat Suid-Afrika se R4-miljard rosyntjiebedryf dien. Die herstrukturering is teen einde-2018 voltooi en op 1 Januarie 2019 is Raisins SA se nuwe Akte van Oprigting amptelik deur die Suid-Afrikaanse Registrateur van Maatskappye aanvaar. Raisins SA is 'n staatserkende organisasie, net soos Potatoes South Africa, Vinpro, South African Table Grapes (SATI), Citrus Growers Association en so meer.

## 1.3 Vordering tot op hede: Raisins SA

### Die volgende is tot op hede bereik:

- Die aanstelling van 'n nuwe bestuurspan (April 2018).
- Afhandeling van die herstrukturering van die droëvrugtebedryf in Suid-Afrika (Desember 2018).
- Amptelike vestiging van die bedryf se hoofkantoor op Uppington (Januarie 2019).
- Aanstelling van direksie, soos bepaal deur die nuwe Memorandum van Verstandhouding (MvV) (Januarie 2019).
- Goedkeuring van begroting vir die 2019 finansiële jaar (Januarie 2019).
- Aanstelling van sleutelposte in Raisins SA se bestuurstruktuur (Augustus 2019).
- Bekendmaking van die eerste jaarverslag om produsente van die finansiële jaar se bedryfsprestasie te verwittig.





## 1.4 Raisins SA

Oor die afgelope jaar het Raisins SA ons strategiese doelstelling, in terme van bestuurstrukture en die waardetoevoeging wat dit aan ons produsentelede kan bied, opgestel.

### 1.4.1 Visie

'n Volhoubare en mededingende Suid-Afrikaanse rosyntjiebedryf.

### 1.4.2 Missie

Ons missie is om waarde te skep vir ons lede en belanghebbers, wat as volg bereik sal word:

- **Verbeter die bedryf se produktiwiteit en winsgewendheid** – dit moet gedoen word deur produksiepraktyke te verbeter, innoverend te wees in ons benadering en relevante navorsings- en ontwikkelingsaktiwiteite te onderneem om die bedryf te bevorder.
- **Posisioneer en bemark Suid-Afrikaanse rosyntjies** as 'n premium-gehalte handelsmerk.
- **Die skep van inligting, die toepassingspraktyke, kennis,** en die verspreiding hiervan onder die lede van ons waardeketting om risiko's te beperk, doeltreffendheid te verskerp, sterk en veerkragtige ekonomiese werksaamhede te bou, vertroue te versterk en 'n positiewe impak op ons omliggende gemeenskappe te hê.
- Om 'n **'verenigde 'stem'** daar te stel wat namens die lede van die bedryf kan praat en daardeur vennootskappe en verhoudings met belanghebbendes kan bevorder.

### 1.4.3 Strategiese fokus

Ons baseer ons strategie op die langtermynvolhoubaarheid van die Suid-Afrikaanse rosyntjiebedryf, met ons fokus op waardeskepping vir al ons belanghebbers. Al ons aksies word deur die vier beginsels van volhoubaarheid gerig (sien Figuur 1), naamlik:

- Goeie bestuur
- Ekonomies veerkragtigheid
- Omgewingsintegriteit
- Sosiale welstand

### 1.4.4 Bedryfswaardes en -beginsels

- **Integriteit**-Eerlikheid, Eerbaarheid, Verantwoordbaarheid
- **Waarde-gedrewe**-Kliënt-gefokus, Innoverend, Aanpasbaar
- **Onafhanklikheid**-Objektief, Deursigtig
- **Professioneel**-Respek
- **Vennootskappe**-Spanwerk, Sinergie
- **Bemagtiging**-Leer, Ontwikkel, Vooruitgang

### 1.4.5 Sleutelprestasie-areas (Bedryf se doelwitte)

**Raisins SA se strategiese doelwitte is as volg:**

- **Goeie korporatiewe bestuur** van bedryfstrukture – doeltreffende administrasie van die statutêre heffing tot voordeel van die oorhoofse bedryf.
- **Versterk en groei marktoegang** vir ons produk.
- **Bestuur produkgehaltestandaarde** en verseker voedselveiligheid.
- Befonds en bestuur toepaslike **navorsings- en ontwikkelingsinisiatiewe.**
- **Bestuur van inligting, kommunikasie en kennis.**
- Proaktiewe bestuur van **transformasie en kapasiteitsontwikkeling** in die bedryf.



## 1.5 Personeel

'n Jong span is oor die afgelope 18-24 maande saamgestel om die bedryf te verteenwoordig en te bevorder op verskeie vlakke.



**FIGUUR 1: RAISINS SA-PERSONEEL (2019)**

Voor, van links: Stefan Jordaan (Senior Landbouspesialis) en Ferdie Botha (Hoofbestuurder). Agter, van links: Bradwin Lester (Navorsingsassistent), Bekkie van Aarde (Inligting- en kommunikasiebestuurder), Kristy-Lee Isaacs (Admin-student), Simone Sell (Transformasiebestuurder) en Mthokozi Sishuba (Navorsingsassistent).



## 1.6 Raisins SA se advieskomitee

Die Droëwingerdvrugte Produsente Organisasie (Raisins SA se advieskomitee), meer algemeen bekend as die DWPO, dien as advieskomitee tot die direksie om te verseker dat produsente se stem gehoor word. Verteenwoordigers van die DWPO is tans:

Persoon	Wyk	Termyn Verstryk
<b>Johannes Fourie</b>	Grobleshoot	2020
<b>Marius Kruger</b>	Wegdraai	2020
<b>Pearle Liebenberg</b>	Grootdrink	2019
<b>Henk de Klerk</b>	Grootdrink	2020
<b>David van der Merwe</b>	Louisvale/Upington	2021
<b>Kobus Luttig</b>	Kalksluit	2021
<b>Zietsman van der Walt</b>	UAP	2022
<b>Andrè Oberholzer</b>	Kanoneiland	2020
<b>Petrie Hanekom</b>	Keimoes	2022
<b>Wiaan Janse van Rensburg</b>	Friersdale/Kakamas	2020
<b>Henko van Niekerk</b>	Marchand	2019
<b>Jaco Malan</b>	Augrabies	2022
<b>Schalk Engelbrecht</b>	Louisvale	2019
<b>Gerrie Louw</b>	Eksteenskui	2019
<b>Jaco van den Heever</b>	Lutzville	2021
<b>Lammi Geldenhuys</b>	Lutzville	2020
<b>Pierre van den Heever</b>	Vredendal	2020
<b>Alro van der Spuy</b>	Vredendal	2021
<b>NJ Wiese</b>	Van Rhynsdorp	2021
<b>Gert Basson</b>	Van Rhynsdorp	2021
<b>Van Zyl Vorster</b>	Tremoa	2020
<b>Jandre van Zyl</b>	Tremoa	2021



**FIGUUR 2: DWPO - RAISINS SA-ADVIESKOMITEE**

**Agter VLNR:** Simone Sell, Wiebe Obbes, Andrè Oberholzer, Jaco Malan, Petrie Hanekom, Kobus Luttig, Henko van Niekerk, Marius Kruger, Schalk Engelbrecht.

**Voor VLNR:** Stefan Jordaan, Ferdie Botha, David van der Merwe, Wiaan Jansen van Rensburg

**Afwesig:** Johannes Fourie, Gerrie Louw, Pearle Liebenberg, Henk de Klerk, Jaco van den Heever, Lammi Geldenhuys, Pierre van den Heever, NJ Wiese, Gert Basson, Van Zyl Vorster.

\*Bykomend tot bogenoemde is daar 'n staande uitnodiging aan al ons verpakkings, naamlik Pioneer Foods (Nico Koch en Santjie Coetzer), Carpe Diem Raisins (Gog van der Colff), Fruits du Sud (Johannes van Niekerk), Red Sun Raisins (Peter Kuilman), Prosperitas Food (Stephan Kruger en Charl du Plessis), The Raisin Company (Arno Pieterse) en NC Raisins (Schalk Burger).

## 1.7 Verteenwoordiging

Raisins SA word ook op verskeie ander bedryfsstrukture verteenwoordig om die belange van die bedryf te bevorder:

**Tabel 1: Bedryfsverteenwoordiging**

Instansie	Persoon	Sekundi	Posisie
<b>DTD Trust</b>	Johannes Fourie	NVT	Trustee
<b>SAPO</b>	Ferdie Botha	David van der Merwe	Trustee
<b>Fruit Fly Africa</b>	Ferdie Botha	Stefan Jordaan	Direkteur
<b>Culdevco</b>	Ferdie Botha	Willem Bestbier	Direkteur
<b>Tissue Culture Lab</b>	Niël Kirsten	NVT	Direkteur
<b>Plant SA</b>	Stefan Jordaan	Ferdie Botha	Verteenwoordiger
<b>Suid-Afrikaanse Wyn en Wingerd Vereniging</b>	Stefan Jordaan	Ferdie Botha	Verteenwoordiger
<b>Agri SA</b>	Ferdie Botha	Wiaan Janse van Rensburg	Verteenwoordiger
<b>Agri NK</b>	Ferdie Botha	Wiaan Janse van Rensburg	Verteenwoordiger
<b>Agri WK</b>	Ferdie Botha	Van Zyl Vorster	Verteenwoordiger
<b>Hortforum</b>	Ferdie Botha	Stefan Jordaan	Verteenwoordiger
<b>Internasionale Sultana Konferensie</b>	Ferdie Botha	NVT	Komitee
<b>International Nut and Dried Fruit Council</b>	Ferdie Botha		Lid
<b>Frucom</b>	Ferdie Botha		Lid

## 1.8 In slotsom

Die grondslag van Raisins SA is gelê om ons bedryf se belange te bevorder. Bestaande kapasiteit en strukture is in plek gestel om die maksimum waarde aan ons lede te verseker.

## 2. INLIGTING VAN MAATSKAPPY

### 2.1 Inleiding

<b>Maatskappyregistrasienumer:</b>	1997/19805/08
<b>Geregistreeerde kantoor:</b>	9 Groenpunt Keidebees UPINGTON 8801 Posbus 2536 UPINGTON 8800
<b>Ouditeure:</b>	Venter en Vennote Posbus 204 UPINGTON 8800
<b>Bank:</b>	ABSA Bank Posbus 1851 UPINGTON 8800
<b>Maatskappy-sekretaresse:</b>	Simone Sell
<b>Webwerf</b>	www.raisinsa.co.za

## 3. ADMINISTRASIE VAN DIE STATUTÊRE HEFFING EN FINANSIES

### 3.1 Inleiding

Raisins SA is 'n nie-winsgewende maatskappy en bevestig sy verbintenis tot die beginsels van deursigtigheid, integriteit en toerekenbaarheid soos voorgestel en aanbeveel deur King IV, betreffende die beginsels van Goeie Korporatiewe Bestuur.

### 3.2 Struktuur en Bestuur

Die Suid-Afrikaanse rosyntjiebedryf is tydens die vorige finansiële jaar (Desember) 2018 geherstruktureer, na aanleiding van raadpleging met sy primêre lede. Die konstitusie is hersien en die mandaat van Droëvrugte Tegniese Dienste (DTD) sal voortaan daarop fokus om die belange van Suid-Afrika se rosyntjiebedryf te bevorder. Die herstrukturering het gepaard gegaan met 'n naamsverandering.

Raisins SA is 'n nie-winsgewende maatskappy wat bestuur word deur 'n raad van direkteure wat deur die organisasie se primêre lede (produsente van rosyne) en gekoöpteerde individue genomineer word. Die direksie word volgens vier streke genomineer om hul onderskeie wyke te verteenwoordig. Die dienstermyn duur vier jaar, waarna 'n direkteur óf herverkies word, óf 'n nuwe direkteur aangestel word. Die vier streke is as volg: Boegoebergdam (en stroomopwaarts) tot by Upington (oostelike areas, streek 1), Upington tot by Keimoes (middel, Streek 2), Keimoes en stroomafwaarts (westelike area, Streek 3) en die Olifantsriviervallei (Streek 4).

Die direksie bestaan tans uit vier produsent-verteenwoordigers (direkteure) en drie gekoöpteerde lede om insig rakende die huidige marktoestande te verskaf, asook 'n eksterne raadslid om die bedryf se transformasie-agenda te ondersteun.

### Raisins SA se direksie het tot dusver uit die volgende individue bestaan:

- Johannes Fourie (Voorsitter) (Streek 1, Januarie 2019)
- David van der Merwe (Streek 2, Januarie 2019)
- Wiaan Janse van Rensburg (Streek 3, Januarie 2017)
- Van Zyl Vorster (Streek 4, Januarie 2019)
- Anthony Mac Minn (Vaal University of Technology, Desember 2019)
- Gog van der Colff (Carpe Diem Raisins, Desember 2019)
- Peter Kuilman (Red Sun Raisins, Desember 2019)
- Ferdie Botha (Raisins SA, Hoofuitvoerende Beampte)
- Mathilda van der Walt (NAMC, Januarie 2019)
- Simone Sell is aangestel as maatskappy-sekretaresse

Die teenwoordigheid van primêre lede, verpakkers en 'n eksterne raadslid verseker dat die bedryf ingelig bly oor produksie, bemarking, bedryfstransformasie asook ander verwante sake. Daarbenewens word Raisins SA se raadsvergaderings en algemene jaarvergaderings bygewoon deur 'n verteenwoordiger van die NAMC. Die NAMC is die liggaam wat die statutêre sitrusheffing elke vier jaar goedkeur en waaraan jaarliks terugvoer gegee word.

### Raadsvergaderings het plaasgevind op:


- 12 Maart 2019
- 25 Julie 2019
- 5 Desember 2019

## 3.3 Finansies

### Raisins SA se heffing

Raisins SA samel 'n statutêre heffing in vanaf alle rosyntjieprodusente. Die doel van die maatreëls waarvoor aansoek gedoen is in terme van seksie (10) van die Wet op die Bemarking van Landbouprodukte, Nr 47 van 1996, soos gewysig, is om die belange van die bedryf in geheel te bevorder.

Die totale statutêre heffing ingesamel vir die 2019-tydperk was R9 112 801 (64%). Addisionele inkomste gegenereer was R5 075 865, met 'n totale inkomste van R14 188 666 vir die jaar geëindig 31 Desember 2019.



■ Statutêre Fondse ■ Vrywillige Fondse

**FIGUUR 3: TOTALE INKOMSTE-SAMESTELLING VAN RAISINS SA**

Die FJ2019 het verhoogde spandering gesien van 44%, met totale uitgawes van R11 843 134 vir die afgelope tydperk. Fondse (2019) word aangewend vir die befondsing en voorsiening van die volgende aktiwiteite:

- Inligtingstatistieke en kommunikasie (17%)
- Navorsing en tegnologiese ontwikkeling (23%)
- Transformasie en opleiding (26%)
- Marktoegang en -ontwikkeling (25%)
- Administrasie (9%)

Die statutêre heffing word vir 'n siklus van vier jaar geïmplementeer, waarna 'n nuwe aansoek by die NAMC ingedien moet word. Die huidige heffingstermyn verval in Oktober 2020 en is in Oktober 2016 in die Staatskoerant geplaas. Die huidige heffingsfooi, soos statutêr goedgekeur, is 12 sent per kilogram vir die 2019- en 2020-termyn.

Raisins SA is tans besig om 'n nuwe aansoek voor te berei vir die verlenging van statutêre maatreëls vir droogdruive in terme van die Wet op die Bemarking van Landbouprodukte, Nr 47 van 1996, soos gewysig.




### Bedryfsverwante bronne van inkomste, mede-befondsing en borgskappe

Raisins SA het namens sy lede in 'n aantal strategiese bedryfsaktiwiteite belê. Hierdie beleggings sluit in:

• Upstars (Edms) Bpk	10% belang
• SAPO Trust	10% belang
• Culdevco (Edms) Bpk	10% belang
• Fruit Fly Africa (Edms) Bpk	12% belang
• Tissue Culture Facility (Edms) Bpk	10% belang
• DTD Trust	84% belang

Raisins SA werk nou saam met vennote wat sleutelrolspelers in die bedryf is om ons finansiële vermoëns te verbeter en verder te groei. Die onderstaande figuur verskaf 'n hoëvlakoor sig van befondsing wat verkry is vanaf derde partye om sodoende die bedryf se aktiwiteite te verbeter.

Die totale vrywillige inkomste gegenerer is R5 075 865 (ingesluit renteverdienste), wat 36% van totale verdienste verteenwoordig. Figuur 4 verskaf 'n hoëvlakoor sig van inkomste gegenerer vanuit bogenoemde beleggings, asook ander bronne soos borgskappe, bedryfstoeëre, renteverdienste, huurinkomste, ens.




**FIGUUR 4: UITEENSETTING VAN 'ANDER' BRONNE VAN INKOMSTE**



### Administratiewe kostes

Die administratiewe funksie word so koste-effektief moontlik bestuur om te verseker dat fondse wat ingewin en aangewend is die meeste moontlike waarde vir ons produsentelede kan ontsluit. Die afgelope twee jaar het die bedryfsliggaam twee administratiewe kantore onderhou. Die administratiewe koste is tans 9% van die totale inkomste gegeneer (2019).



**FIGUUR 5: ADMINISTRATIEWE KOSTE-SAMESTELLING VAN RAISINS SA**

### Raisins SA se BEE-status

Op 1 Maart 2019 is Simone Sell as Transformasiebestuurder aangestel. Sy het opdrag ontvang om 'n transformasiebeleid op te stel met die fokus op besigheidsontwikkeling, die ontwikkeling van vaardighede asook sosio-ekonomiese ontwikkelingsaktiwiteite soos uitgestippel deur die NAMC. Sy is ook die taak opgelê om 'n BBBEE-verifikasieoudit voor te berei en uit te voer; hierdie oudit sal teen Desember 2020 voltooi wees.






## 4. NAVORSING EN ONTWIKKELING

### 4.1 Oorsig van portefeulje

Raisins SA streef na 'n model van goeie basiese riglyne t.o.v. tegniese navorsing en die oordrag van tegnologie. Navorsingsdienste asook tegniese ondersteuning word aan die droogbedryf voorsien.

Die afgelope seisoen (2019) is daar projekte in plek gestel en bestaande projekte voortgesit weens die langtermynaard daarvan. Met die nuwe era wat aanbreek het in die rosyntjiebedryf is daar baie entoesiasme om te verseker dat oplossings volhoubaar is en tegnologie-oordrag op 'n ordelike wyse plaasvind.





**FIGUUR 6: NAVORSING- EN ONTWIKKELINGSPANDERING VIR DIE JAAR 2019**

## 4.2 Tegniese advieskomitee

Die tegniese komitee is saamgestel om die tegniese afdeling van Raisins SA te adviseer en tegniese punte te bespreek. Die komitee gee op sy beurt weer terugvoering aan die DWPO (Raisins SA-advieskomitee).

**Die 2019 tegniese komitee bestaan uit die volgende:**

Komiteelid	Instansie
<b>Henning Burger</b>	OWK
<b>Callie de Jager</b>	Carpe Diem Raisins
<b>Leon Laubscher</b>	Onafhanklik
<b>Johannes Fourie</b>	Produsent
<b>Stefan Jordaan</b>	Raisins SA (Sekretaris)
<b>Andrè Oberholzer</b>	ACG
<b>David van der Merwe</b>	David vd Merwe Farms
<b>Stryss Strauss</b>	Red Sun
<b>Willem van Aarde</b>	Karsten Boerdery

### Doelwit:

Evalueer kernaksies van belang t.o.v. navorsing tot die verbetering van die bedryf.


- Werkbare oplossings vir tekortkominge in die bedryf
- Insameling van statisties-korrekte inligting
- Evaluering van tegniese aspekte en kritiese punte
- Identifikasie van gekwalifiseerde instellings/personne vir navorsingswerk
- Koste-effektiewe oplossings
- Prioritisering van tegniese navorsingsprojekte





### 4.3 Befondsingsvennote

Belyn met Raisins SA se filosofie rakende samewerkende vennootskappe, speel die volgende instellings 'n fundamentele finansiële rol in die groei van ons navorsing en ontwikkelingsbegroting. Hierdie vennote is:



■ WG	■ Agri SA	■ Villa Crop
■ ORPA	■ WRC	■ SATI
■ Agri Noord Kaap	■ Philagro	■ LNR

**FIGUUR 7: ADDISIONELE BEFONDSING TOT NAVORSING**

### 4.4 Fokusareas

**Raisins SA se fokuspunte is tans:**

- Plantmateriaalstandaarde
- Plantverbetering
- Kultivarevaluasies en inwerkingstelling van Culteva-platform
- Droog-aan-die-stok priedstelsels en kultivars
- Optimalisering van produksie (Droog aan die stok/Dry on Vine (DOV))
- Onderstok-evaluasies
- Vrugtevlugmonitering
- Droogproduktevaluasies
- Watergehalte
- Set proewe op Selma Pete
- Oesskattingsmodel
- Produksieverslae aan die hand van klimaats-/weerstoestande





## 4.5 Hoëvlakprojekterugvoering

**Tabel 2: Navorsing en Ontwikkeling – projekopsomming vir 2019**

Projek	Doelwitte	Vordering	Tydsduur
<b>Teel en evaluasie van rosyntjekultivars</b>	Identifiseer nuwe potensiële kultivars wat ouer, swakker-produiserende kultivars kan vervang of kan lei tot beter benutting van droogfasiliteite en beter oesvenster.	Deurlopende proses. Die LNR het in 2019 Sundowner kommersieel vrygestel wat goed inpas na vroeë Selma Pete, maar voor Sultana Seedless. Daar is tans twee kultivars gekortlys wat verder geëvalueer word.	Deurlopend
<b>Onderstokke</b>	Ondersoek die bestaande onderstokke op verskillende persele om te bepaal watter onderstokke op die spesifieke kultivar mees geskik is onder spesifieke toestande. Persele is aangeplant in Blouputs (binnegron), Upington (buitegrond), Vredendal, Van Rhynsdorp.	Aanplantings het in 2019 op die verskeie persele plaasgevind. Die werk word uitgekontrakeer aan Provar. Alle inligting word ook gelys op die Culteva-platform.	2019 aangeplant en nuwe onderstok aanplantings vind plaas in 2021
<b>Optimisering van produksie (DOV)</b>	Selma Pete, Merbein Seedless en Sugra 39 is op Kakamas (binnegron) aangeplant en 2 verskillende opleistelsels gevestig n.l. Shaw-swaaikap en Bokhoring om te bepaal watter stelsel en onderstokkombinasie die mees geskikte is.	Aanplantings het plaasgevind in 2019. Projek word gedoen in samewerking met die LNR.	2019 aangeplant – 2024
<b>Filloksera</b>	Die doel van hierdie projek is om die filloksera-opnames wat in die sewentigerjare in die belangrikste tafel- en droogdruifstreek gedoen is, te herhaal. Die doelstellings is om te bepaal (1) hoe wydverspreid filloksera in die tafel- en droogdruifbedryf voorkom, en (2) of filloksera aansienlik bydra tot die swak prestasie van die wingerdstok, met en sonder die teenwoordigheid van ander faktore wat die groeikrag van die wingerdstok beïnvloed, en dus ook die weerstand/verdraagsaamheid teen filloksera.	Die projek het eers in April 2019 begin.	2019 – 2022
<b>Onderstok-handleiding vir rosyne</b>	Samevatting van die afgelope jare se navorsingsdata van verskillende onderstokke se prestasies op droogdruie.	Handleiding word geskryf deur Jan Avenant (LNR).	2019 Desember

Projek	Doelwitte	Vordering	Tydskuur
<b>Watergehalte</b>	Om 'n NGO te stig en bestuur ter gereelde evaluasie van watergehalte in die Oranjerivierstreek om te verseker die waterbronne bly volhoubaar.	Die forum is gestig en gemeenskaplike belangstellendes is betrek. Fritz Bekker van Clean Water Systems tree op as adviseur.	Deurlopend
<b>Vrugtevlieg- monitering</b>	Lokvalle is uitgehang in alle droogdruifareas om die getalle van die vrugtevlieg meer akkuraat te monitor asook moontlike skade-implikasies te kwantifiseer.	Daar word gepoog om die droogbedryf as geheel te laat inskakel by 'n beheerprogram met area-wye spatte wat op sigself ook markvoordele sal inhou.	Deurlopend
<b>Plantmateriaal</b>	Stel riglyne in plek vir rapportering van probleme. Verteenwoordig die droogbedryf by die WVV (Wingerdverbeterings Vereniging).	Basiese rapporteringsriglyne is vasgestel en gesirkuleer.	Deurlopend
<b>Veldproewe</b>	Basiese riglyne in plek stel en blootstelling in die vorm van velddae.	Vanaf Julie is sewe veldsessies gehou in verskeie areas. Doelwit is om in 2020 in strategiese areas hierop uit te brei.	Deurlopend
<b>Set proewe op Selma Pete</b>	Selma Pete is geneig tot oormatige afspeen in blom. Ondersoek die verskillende praktyke wat gevolg word om verbeterde set te bevorder.	Twee seisoene afgehandel in Groblershoop. 2019-seisoen is in Upington en Vredendal.	2019 afhandeling van projek
<b>Bedryfs- volhoubaarheid</b>	Ontwikkel 'n raamwerk wat die volhoubaarheid van die bedryf kan ten toon stel.	Voltooi literatuurstudie. Konsulteer 40 kundiges en lewer insette tot wesenlike aanwysers vir volhoubaarheids-ondersoek. Besoek waarde-kettingsamestelling. Oorweeg die sosiale kapitaal en belangrikheid van vertrouwe in 'n bedryf.	Afhandel 2021

Projek	Doelwitte	Vordering	Tydsduur
<b>Culteva-app</b>	Platform is opgestel om kultivarevaluasies volgens 'n maklike standaardstelsel uit te voer. Doelwit is om as droogbedryf 'n standaardhandleiding rakende kultivareienskappe op te stel tesame met basiese beste praktyke riglyne.	Afgeskop in 2019.	Deurlopend
<b>Vrug-evaluasie</b>	Hier is dit veral gefokus op droogprodukevaluasies.	2019	Deurlopend
<b>Margarodes</b>	Margarodes is inheems en voed op wortelstelsels, verswak die wortelstelsel en verkort die produktiewe leeftyd van wingerde. Die doel van die projek is om 'n geïntegreerde bestuurstrategie vir margarodes te ontwikkel. Die doelstellings is: (1) om die doeltreffendheid van geselekteerde kontak- en sistemiese insekdoders vir margarodebeheer in veldproewe te toets, (2) om die doeltreffendheid van geselekteerde EPFs vir biologiese beheer van margarodes in die laboratorium (nagraadse student) en in die veld te bepaal, (3) om die doeltreffendheid van geselekteerde EPNs vir biologiese beheer van margarodes in die laboratorium en in die veld te bepaal (nagraadse student); en (4) 'n geïntegreerde bestuurstrategie vir margarodes in tafeldruiwe te ontwikkel en te evalueer.	Data word nog verwerk, daarom is daar nog geen uitslae om aan te meld nie.	2019 – 2023
<b>Watergehalte</b>	Moniteer en onderneem optrede aangaande watergehalte.	Moniteer die Oranjerivier van Vanderkloofdam tot by Raap en Skraap. Handhaaf struktuur vir bespreking van watergehaltesake. Loods aksies gebaseer op bogenoemde inligting.	Deurlopend
<b>Weerdata</b>	Opvangs en verwerking van weerdata asook vergelyking daarvan met langtermyndata.	Stelsel word in plek gestel om maandeliks uit te stuur.	Deurlopend

## 4.6 Lesse geleer

Die bedryf het net soveel geleenthede as wat daar uitdagings is, en die volgende lesse is geleer uit die afgelope jaar se werkservaring:

- Die ryp van 30 Oktober is 'n tipiese voorbeeld van die negatiewe impak van weer en hoe onvoorspelbaar dit is. 'n Vroeë waarskuwingstelsel ontbreek en kan groot waarde toevoeg.
- Daar is ook oor die jare heen baie inligting ingewin en nagevors, maar inligtingsoordrag is altyd 'n groot uitdaging. Baie meer inligting kan versprei word deur net die regte kanale van verspreiding en oordrag te volg.
- Om praktiese navorsing te onderneem, wat op plaasvlak van groot waarde kan wees, is dit krities dat die nodige kapasiteit in plek gestel moet word om die bedryf te kan diens.
- Tegnologie en innovasie se benutting is nog relatief laag; hierdie is 'n sleutelrol van Raisins SA wat aandag in die toekoms sal moet geniet.

## 4.7 Slotsom

Elke aksie van die tegniese afdeling verskil in belangrikheid in die verskillende areas asook in die verskillende produksie-eenhede. Die grootste geleentheid in 2020 is om te verseker dat die samestelling en toewysing van die begroting van so aard is dat dit die kern-kwessies aanspreek bv. vrugtevlieg, watergehalte, ens. Die strewe is om volhoubare, toepaslike inligting weer te gee wat oplossings vir elke produsent kan bied.






## 5. MARKNAVORSING, BEPALING VAN BEDRYFS-‘BENCHMARKING’ VIR MARKTOEGANG EN MARKONTWIKKELING

### 5.1 Oorsig van portefeulje

Oor die afgelope drie dekades het die landbou-omgewing reuse veranderings ondergaan. Dit sluit onder meer in veranderinge in handelsbeleid, bevolkingsgroei, klimaatsverandering, tegnologiese revolusie, die finansiële krisis, ens. Die toenemende geïntegreerde wêreldmark het inderdaad groeiegeleenthede vir ons Suid-Afrikaanse bedryf ingehou (as ontwikkelende ekonomie). Dit het ons die geleentheid gebied om ons rol as internasionale verkoper van rosnyntjies te laat groei met meer as 250% oor hierdie tydperk.

Aan die hand van die bogenoemde markomgewing is dit belangrik dat Raisins SA die volgende funksies namens die bedryf behartig: 1) Markintelligensie; 2) Bedryfs-‘benchmarking’; Marktoegang en 4) Markontwikkeling. Hierdie fokusareas sal kortliks in die komende gedeelte hanteer en bespreek word.



**FIGUUR 8: MARKNAVORSING, BEDRYFS-‘BENCHMARKING’ EN MARKONTWIKKELING-SPANDERING VIR 2019**




## 5.2 Fokusareas

Oor die afgelope jaar was Raisins SA se aandag op die volgende areas toegespits:

### 1) Marktelligensie


Die insameling van data, die verwerking daarvan en vertolking van markinligting is die sleutel tot die bevordering van 'n deursigtige markomgewing. Dit sluit plaaslike sowel as internasionale inligting in.

Die bedryf het oor die afgelope 10 jaar (sedert 2010) verdubbel in volumes, terwyl die VSA produksieverliese van 100 000 ton ervaar het. Suid-Afrika en die VSA is mededingers in die Thompson-rosyntjiemark.



**FIGUUR 9: WÊRELDPRODUKSIE IN DIE NOORDELIKE EN SUIDELIKE HALFROND, OOR DIE TYDPERK 2013 – 2019**


Die vernaamste invoerders van rosyntjies gedurende die tydperk 2010 – 2018 word getoon in Figuur 10. Die grafiek bevestig dat die VK die enkele grootste bestemming is vir rosyntjies, gevolg deur Duitsland in die tweede plek, derdens Japan, daarna Nederland en Indië in die vyfde plek. Die VK-mark het negatief gegroei in beide volume en waarde in die afgelope sewe jaar, wat hoofsaaklik toegeskryf kan word aan negatiewe gesondheidskonnotasies. Hierdie wanpersepsies sal moet reggestel word deur produseerderlande.



**FIGUUR 10: WÊRELDINVOERE VIR DIE TYDPERK 2010 – 2018**




Suid-Afrika is hoogs gekonsentreerd in die Europese mark (EU), met totale verskeppings uit Suid-Afrika van net onder 50%. Duitsland is 'n belangrike mark en het sterk gegroei in die afgelope vyf tot ses jaar. In 'n tradisionele handelskonteks het Suid-Afrika 'n baie klein marktaandeel in die VK, vergeleke met die Suid-Afrikaanse varsvrugtebedryf.



**FIGUUR 11: HOOF-UITVOERMARKTE VIR SUID-AFRIKAANSE ROSYNE, VYF-JAAR GEMIDDELD**

Suid-Afrika het dit reggekry om bemarkbare volumes saam met bykomende volumes te laat groei, saam met die bykomende volumes, alhoewel die 2019-seisoen tot gevolg gehad het dat ongeveer 20 000 ton produk oordra is. Die vooruitsigte is dat volumes sal toeneem tot 100 000 ton teen moontlik so vroeg as 2023.



